

14
Februarie

NG Gemeente
Kogelberg

2025

Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



SONDAG 16 FEBRUARIE SE EREDIENSTE

09:00

Hangklipkerk

Ds. Theuns Henn

1 Kor. 15:12-20

09:00

Kuierkerk

Ds. Kirsten Small

Lukas 6:17-26

09:30

Kleinmondkerk

Ds. Heinrich Carstens

Lukas 6:17-26



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

vir WIE leef jy?



16 Februarie - Lukas 6:16-27 09:00 - Kuierkerk - Kirsten Small

Daar is 'n beter „Kanaän”



Hangklipkerk
Pillansiaweg
Bettysbaai
16 Februarie
2025
09:00
Ds. Theuns Henn


Teks
1 Kor.15:
12-20



DIENERS VAN | VERSKEMERS MET | HOOPSAKURE VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ADRES: PILLANSIABAI | HANGKLIPI | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Probeer ons om net die kaas kry?

Lukas 6:17-26



16 Februarie 2025
Kleinmondkerk @ 09:30
Heinrich Carstens



Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.



DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir ons gemeenste se Gasvryheidsbediening.

Op 23 Februarie is dit vir ons eie **Diens van Barmhartigheid.**

Program vir die week

Maandag 17 Februarie	16:00	Hangklip Fondseverg.
	17:00	Paasspel Kooroefening (Kerksaal)
Dinsdag 18 Februarie	09:00	Gebedsgroep Hangklip
	16:30	Gebedsgroep Kleinmond (E'Pikhaya Estate, Olienhoutlaan 10, Klein Berlyn)
	17:00	Finansies (Kerksaal)
	18:00	Getuienis (Kapel)
Woensdag 19 Februarie	09:00	Kerkraad
	17:00	Hangklip Bybelskool
	18:00	Meditasiediens
Donderdag 20 Februarie	06:00	Mannegroep Hangklip
	09:00	Caritasprojek
Vrydag 21 Februarie	06:55	Mannegroep Kleinmond

Ons dra elke lidmaat wat siek is op in ons gebede...

Herman Schoeman (Bb3) & Elsa Crous (PM2).



Kos-en Kuiermark

Bydrae-vorms is beskikbaar.

*Neem kennis dat dit asseblief **teen 3 Maart terug** moet wees.*

Jeug

Vrydag
21 Feb

Speletjiesaan

Kerksaal @ 18:00

Hangklip Boekoase bied aan...

Sterre en planete met Dolf Nel

28 Februarie 2025

19:00 by Hangklipkerk

R50-00 (koffie, tee en iets lekkers)


1. Basiese kennis van ons sonnestelsel, die Melkweg en ander sterrestelsels
2. Buitelig waarneming van hemelliggame

Welkom Nuwe Intrekkers

Noël en Marita Morkel van Caledon-Wes (KB1)


Jan Harm & Anna Maria Olivier en hulle seuns Jacob Schmidt Verreyne
en Bernard Wilhelm van Fontainebleau (PB3)

Johanna Carolina Bezuidenhout van Lichtenburg-Oos (PM1)



Caritasprojek sê... Baie dankie!

Ons het altesaam 8 kratte vol
kosvoorrade vanuit die hele gemeente
ontvang. Dankie vir elkeen se bydrae.



Marietjie Reitzema van die gemeente se Diens van Barmhartigheid straal oor die stapel noodsaaklike huishoudelike voorrade wat Hangkliplidmate verlede Sondag saamgebring het na die nagmaaldiens. Die gebruik is dat hierdie bydraes Caritasprojek se koskas aanvul, waaruit daar volgens behoefte aan gesinne en individue uitgedeel word.

Die lewe is 'n reis om jouself te vind

Fanie Krige

Oor die naweek het honderde mense die predikant-sanger-digter Koos van der Merwe se preekbeurt in die Hangklipkerk (Sondagaand) en die Leonard Cohen-konsert by Kleinmondstasie (Saterdagagaand) bygewoon.

Met sy woordkuns, fluweelstem en fletsende blou oë agter 'n Windsor-donkerraambрил het sowel die preek uit Jesaja 6 as sy vertolking van liedere in die folk-genre mense diep geraak en nader getrek (veral toe 'n ligte reënbui uitsak).

Dit het 'n mens genoop om vir Koos te vra wie of wat hy in sy diepste wese is. Soos sy preek en sy konsert het sy antwoord die koll getref: 'n mens is dwarsdeur jou lewe op 'n reis om te ontdek wie jy is. Die ideaal is om daardie persoon te word waarvoor jy geskape is om te wees. Die paradoks is egter dat as gelowige vind jy jouself deur nie jouself nie, maar Christus te soek. Tog ontdek jy in die proses jou uniekheid en moet jy dit omarm.



Koos van der Merwe se passievolle erediens in die Hangklipkerk op Bettysbaai is met sy lied Houkruis afgesluit.



Koos van der Merwe se sypaadjekonsert by Kleinmond Stasie het danksy 'n buitjie reën uiteindelik in 'n intieme okkasie onder die perron se afdak geëindig.

Ontdek jou plek in God se plan

Fanie Krige


Sowat veertig ouderlinge, dienswerkers en ander belangstellendes het op Saterdag 8 Februarie 2025 'n werkswinkel oor die ontdekking van jou plek in God se plan bygewoon.

Di Leopold van Huyssteen en Theuns Henn het die begeleiding gedoen, maar teen die einde moes 'n allemintige lys van 133 vrae sorgvuldig oorweeg, beantwoord en bereken word om vir elkeen 'n aanduiding te gee oor die bediening waarin hy betrokke behoort te raak.

In die voorbereiding vir die werkswinkel moes die kursusgangers by die huis sy eie storie in privaatheid opskryf en sy persoonlike styl bepaal. Feitlik almal by die kursus wat negeuur in die oggend begin en na drie in die middag klaargemaak het, het gevoel dat hierdie meetinstrumente baie akkuraat was.

Die laaste oefening van die dag was dat mense in dieselfde bedieningsprofiel – apostel, profeet, evangelis, herder en leraar – saam hul droom vir hul bediening bespreek het. In die proses is daar na die mense, omstandighede, groeperings, nood, geleenthede en ander aspekte van die gemeenskap in ons omgewing gekyk. 'n Heerlike hoenderslaai is vir middagete bedien, gemaak deur mense wat weet hoe.





Laat julle lig só skyn... Getuienisaksie

Die Getuienisaksiegroep van NGK Kogelberg nooi almal uit na die **eerste Getuienisbyeenkomste van 2025.**

DATUM: **Sondag, 2 Maart**


TYD & PLEK: **09:30** in die Kleinmondkerk, Vierde Laan
& 16:00 in die Kuierruimte by Kerk.

Die sendeling-egpaar Jaco en Sandra Leeuwner van IMSA (Industrial Ministry of SA) en Biblia (Hawesending), kom deel hul getuienisse en bedieninge tydens die oggenderediens.

Sondagmiddag ontmoet hulle **alle belangstellendes** en ook die vrywilligers van Kleinmond se Arbeidsbedienings-groep wat onder leiding van Andries Truter staan.

Vir navrae: Nellie Snyman 082 855 2408





Arbeidsbediening / Biblia (Hawesending)

Jaco Leeuwner Sandra Leeuwner



Jaco en Sandra is 'n sendeling-egpaar wat al etlike jare deur NGK Kogelberg ondersteun word en is al ou bekendes by ons. Hulle besoek Kleinmond Sondag, 2 Maart 2025 met ons Getuienis-Sondag en gaan om 9:30 in die kerk meer vertel van hulle pad in sending en oor al hul bedieninge. Sondagmiddag, 16:00 sal Jaco en Sandra saam met alle belangstellendes en ook Andries Truter (koördineerder) van ons plaaslike Arbeidsbedieningsgroep en sy mede vrywilligers, bymekaarkom in die Kuirruimte by die kerk.

Oor die jare vertolk Jaco en Sandra verskillende rolle by Arbeidsbediening (IMSA – Industrial Ministry of South Africa) en Biblia (Hawesending). Vanaf 1 Mei 2023 is Jaco aangestel as hoof van Arbeidsbediening in die Kaapstreek (amptelike posbenaming is “Netwerk & Verhoudingsbestuurder vir Arbeidsbediening in die Kaapstreek”). Hy vul die pos wat deur Carin Brink vakant gelaat is terwyl hy nog steeds sy verantwoordelikheid behou by IMPAK (Arbeidsbediening in die Kaapse Metropool) asook by BIBLIA. Jaco funksioneer ook as die Kaapstreek koördineerder van Biblia se vyf bedieningspunte nl.: Mosselbaai, Kalkbaai, Houtbaai, Kaapstad en Saldanha. Gevolglik is Jaco baie uitstедig met besoeke aan bestaande bedieningspunte en ook om ondersoek te doen na areas waar IMSA en Biblia kan uitbrei.

Tydens Covid ontwikkel en ontplooi Jaco en Sandra toepassings (“Apps”) wat nie net vir Arbeidsbediening en Biblia bystaan in aanlyn bediening nie, maar ook gebruik word vir ander bedieninge, die sakektor en kerke. Sandra word in die laaste tyd meer betrek met IT ondersteuning vir IMPAK, Biblia, Discipling Nations, HospiVision en verskeie gemeentes (soos Malawian CCP). Sandra bou, onderhou en verleen aanlyn tegniese bystand vir opleidings e-platforms bv. aan HospiVision se hospitaal beradingsprogram en Bible & Life School. Tans is Sandra baie besig om die Internet platforms van opleidings instansies te onderhou en op datum te kry vir al die studente inskrywings.

Die e-dienste word verder uitgebrei om sekere administratiewe dienste aan van die bedieningspunte te verskaf soos Christen NGO’s. Sommige personeellede van Groenkloof Aftreeoord in George word tans opgelei deur Sandra in die gebruik van aanlyn toerusting.

IMSA Webblad: www.imsa.partners .

Biblia


Faceboek: <https://www.facebook.com/groups/biblianational/>
webblad: www.biblia.partners .

Vir meer inligting: Kontakpersone:

Andries Truter 078 102 0662 (vir plaaslike Arbeidsbediening)
en Nellie Snyman 082 855 2408.



Hier volg net twee getuienisse (van verskeie), wat in die 2025 IMSA Nuusbriëf verskyn het ter illustrasie van hul werksaamhede:



TOEWYDING

Patrick Jeftas van IMSA Citrusdal het as gesondheidsinspekteur, sy reis en betrokkenheid met Arbeidsbediening begin by verskeie werksplekke. Sy passie is aangevuur by Monis, IMSA Paarl. Daar het hy 'n toegewyde Hesta Smit, (een van ons lidmate), ontmoet. Saam met ander het hulle die fondament gelê vir 'n kragtige bediening. Nadat hy 'n aanlynkursus ("TheThinkTank") voltooi het, het hy toe later besluit om 'n IMSA-tak in Citrusdal te open. Hy het sy vriende en andere uitgenooi om 'n een-dag IMSA Oriënteringskursus sessie by te woon. Verskeie belangstellendes het toe die IMSA opleiding ondergaan om hulself beter toe te rus deur diensbaar te wees in hul gemeenskap en by al die werksplekke.



In die foto ontvang Patrick sy sertifikaat van Jaco. Efesiërs 4:16 ..."en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."



KREATIEWE VOETSPoor

IMSA IMPAK HYBRID is geregistreer om aanlyndienste aan te bied. So was daar die ontwikkeling van die “Learner Management System” (LMS), wat aanlynopleiding aanbied vir leerders wat nie fondse of tyd het vir voltydse studies by opleidingsentrums nie. Hierdie inisiatief het geleenthede aan 311 studente sedert Mei 2022 gebied vir aanlynopleiding. IMPAK HYBRID het nie net al hierdie platforms gebou vir hul kliënte nie, maar verskaf meer as 600 uur tegniese ondersteunings dienste aan lektore en studente in SA. Hul werk nie net agter die skerms nie, maar besoek ook hul kliënte vir geestelike ondersteuning en bemoediging.



In die foto besoek Sandra vir Graham Albertyn, ‘n lektor by Bible & Life School.

Deuteronomium 32:2 “ My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou, soos sagte reëns op die grassies, soos reënbuie op die graan.”

GEMEENSKAPSGERIGTE



GHOLFDAG



NG GEMEENTE

Kogelberg

2025

PRYSUITEDELINGSFUNKSIE, ETE & VEILING!

***WEN R50 000!!!**

**HOLE-IN-ONE KOMPETISIE T&V GELD.*

14 MAART
2025

REGISTREER

info@ngkogelberg.co.za

 Kleinmond Gholfbaan

4 BALL ALLIANCE 2 SCORES TO COUNT
R1600 PER TEAM SHOTGUN START @ 10:00



REIS OM DIE WÊRELD



VRYDAG

21 MRT

**KUIER
& -KOSMARK**

.....met.....
basaarpoeding



KOS | KOFFIE | KOEK & KUIER



NG Gemeente Kogelberg bied aan...

Paasspel 2025

Jerusalem! Jerusalem!

Regie deur Arina Greeff | Musiek deur Thinus Ries

10, 11 en 13 April 2025 18:30 vir 19:00
Kleinmondkerk, Vierde Laan 67

Gratis kaartjies kan by die kerkkantoor in Vierde Laan afgehaal word

Vrywillige bydraes sal waardeer word

#imagine

4-6 APRIL 2025

WESTERN CAPE
BREDASDORP PARK, BREDASDORP

BRING
YOUR
SQUAD

R750-00 EXCLUDING TRANSPORT

Christian camp for teenagers aged 13-18 years

Die GROOT skoonmaak-sessie by die Kerksaal!



Saterdag
8 Februarie

KUIERKERK 9 FEB



#nagmaal



#aanbid



#kerkwees



#lofprysing

Verjaarsdae

15 Februarie

Hannetjie Brits 081 568 2031 (Sb1)

Ruben Hyman (Sb4)

Dollie Kirsten 082 875 5016 (BB6)

Alida Schlebusch 082 377 6948 (PB1)

Monica Steyn (PB2b)

16 Februarie

Amund Beneke 072 184 9621 (BB6)

Bets de Klerk 083 652 3587 (KP2)

Danie Symington 082 563 0323 (HK2)

Marlize van Niekerk 082 482 7130 (HK3)

17 Februarie

Piet Botha 083 590 3637 (Sc1)

Charl Calitz 072 481 0658 (Bb 1)

Ben De Bruin 083 275 2333 (Bb 2)

George Du Plessis 083 667 7035 (HK3)

Helen Gschwendtner 072 035 9967 (BB4)

Stienie Havenga 083 277 6321 (HK1)

Coba Koch 082 376 7541 (BB3)

Johan Uytenbogaardt 082 450 6855 (Sa4)

18 Februarie

Allen Badenhorst 076 404 3741 (Bb 4)

Laura Cecchi 072 694 0446 (PB2c)

Riana Malherbe 082 372 7046 (Sc1)

Phillipa Marks (Ba2)

Deon Meyer (Ba2)

Suzette Vermeulen 082 7899214 (KP1)

Gerrit Visser (Ba2)

19 Februarie

Anton Dreyer 060 324 7832 (Sa2)

Willie Gerrits 082 828 3435 (Sa3)

Bettie Kleynhans 079 895 6054 (BB4)

Willemien Nortjè 073 909 0518 (Ba3)

Thinus Ries 083 456 5716 (PM3)

Cindy Smit 079 896 7201 (Ba1)

Nic Swart 072 984 2589 (BB3)

Ria Truter 082 403 9890 (KB5)

20 Februarie

Antoinette Alberts 083 554 0153 (Ba1)

Stephen Buchler 064 839 2618 (Bb 3)

Stéfan Burger 082 443 4728 (KB2)

Andrew Garbers 082 226 0795 (Bb 3)

Lenie Janse Van Rensburg 082 535 8237 (PM5)

Nelia Theunissen 083 462 4151 (Sa3)

Annamarie Van Jaarsveld 083 717 8196 (KB2)

**Veels
Geluk!**

21 Februarie

Ria Coetzee 082 829 3854 (KB5)

Gert Faul 082 579 6272 (Sb4)

Elsabe Geldenhuys (PB2b)

Arina Greeff 083 230 4373 (Sb4)

Monica Machts 083 291 8161 (KB4)

Hildegard Toerien 079 697 4052 (Bb 2)

Louise Van Eeden 082 482 3114 (Sb3)

Probeer ons om net die kaas kry?



Lukas 6:17-26

GESPREKSBLAD VIR GROEPE – SONDAG 16 FEBRUARIE 2025



1. Gesels bietjie saam...

- Hoe dink jy definieer die meeste mense sukses?
- Wanneer dink jy is 'n mens ryk?

2. Ons storie nou...

- Søren Kierkegaard het iewers geskryf dat die meeste van ons die Bybel lees soos 'n muis wat kaas uit 'n muisval probeer loskry, sonder om daardeur vasgevang te word. Hoekom dink jy het hy so gesê? Dink jy hy was reg?
- Hoekom dink jy wil ons soms nie hê dat 'n teksgedeelte ons moet vasvang nie?

3. God se storie...

- Lees nou weer die teksgedeelte van Lukas 6:17--26 eenmaal rustig saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se eredienste na aanleiding van hierdie teks geraak het.
- Jesus keer dikwels ons bestaande waardes om. Kyk weer deur die teksgedeelte en praat oor al die omgekeerde waardes wat Lukas noem. Dink aan nog 'n paar waardes wat Jesus kom omkeer het.
- Wat het die skare na Jesus toe aangetrek? Hoe dink jy het die skare gevoel toe hulle hierdie boodskap die eerste keer gehoor het? Hoe reageer ons vandag hierop?
- Van wie praat Jesus in vers 20-22? As jy nie arm of honger is nie en jy huil nie en jy het baie vriende, is die gedeelte dan nie op jou van toepassing nie? Op wie is die waarskuwing gerig in vers 24-26?
- Hoe verskil Jesus van hoe ons dink oor wat 'n seëning of 'n vloek is? Wat dink jy is Jesus se definisie van sukses?
- Hoe dink ons moet 'n suksesvolle gemeente lyk? Verskil dit van hoe Jesus na 'n gemeente kyk?

4. Hoe die Bybel ons storie verander...

- Watter gedagte in hierdie teksgedeelte gryp jou vas? Wat spreek jou aan, troos jou óf gee vir jou hoop?
- Hoe gaan jy nou 'sukses' definieër? Hoe het jou definisie verander – of het dit glad nie verander nie?
- Hoe kan hierdie gedeelte ons gemeente help om nuut te dink oor ons roeping?
- Dink aan een persoon wat jy dink vandag hierdie boodskap nodig het. Stuur vir daardie persoon 'n Whatsapp of nooi hom/haar vir koffie.

Ons lees dié week uit die Woord...

Lees gerus die volgende teksgedeeltes solank uit die Woord en oordink dit hierdie week met die oog op Sondag 23 Februarie se eredienste waar ons fokus op Lukas 6:27-38:

- 📖 Maandag 17 Februarie - Lukas 6:17-26
- 📖 Dinsdag 18 Februarie - Genesis 45:3-11 & 39-40
- 📖 Woensdag 19 Februarie - Psalm 37:1-10 & 39-40
- 📖 Donderdag 20 Februarie - 1 Korintiërs 15:35-50
- 📖 Vrydag 21 Februarie - Lukas 6:27-38
- 📖 Saterdag 22 Februarie - Lukas 6:27-38